Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

Die Goddelike Komplot…'n Ewigdurende nou!
Openbaring 21:9-17

Ons kies om ons gebreekte gemeenskap voor God neer te sit, sodat Hy weer vir ons kan leer hoe 'die stad van God' daar kan uit sien.

Belangrik:

1. Johannes skryf vir Joodse Christene wat geweldig swaar gekry het. Hulle is deur die Jode as 'n bedreiging gesien.
2. Aan die ander kant was die Romeine kwaad vir die Christene omdat hulle nie hulle afgode aanbid het nie.
3. Openbaring mag nie letterlik verstaan word nie maar simbolies.

Teksvers: Openbaring 21:10: [10]Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, **wat van God af uit die hemel uit afkom.**

Destyds: **D**aar is duisende verhale van mense wat in uiterste omstandighede oorleef het en selfs beter deur die trauma gegaan het omdat hulle iets gehad het om voor te leef. Johannes kom bemoedig die Jode van destyds om elke dag voluit te leef om van die aarde 'n beter plek te maak.

Vandag:

1. Daar is te veel skeefgetrekte beelde en metafore oor die hemel wat glad nie die bedoeling van die Bybel is nie.
2. Openbaring is 'n geweldige troos vir elke mense wat swaarkry.
3. Ons moet totaal anders oor die hemel dink.

Johannes kom nooi ons uit na die ewigdurende nou, want die ewigheid is nie iets wat eers later gaan gebeur nie –

"Eternity is in session right now!"

Before we can pray, "Lord, Thy Kingdom come", we must be willing to pray, "My Kingdom go".

Die kortste en mooiste definisie van die hemel: Die hemel is genade in aksie.

Wat is die evangelie wat Jesus kom verkondig het? Hyself praat van die koninkryk van God (vgl Markus 1:14-15; Lukas 8:1; Handelinge 1:3; Handelinge 28:31). Wat eendag in die vere ewigheid gaan gebeur. Nee – wat nou reeds deurbreek.

Wat is ’n koninkryk? Dit is ’n plek of ’n ruimte waar iemand se wil geskied. Jou en my koninkryk is dus daardie spasie of plek waar dinge gebeur soos ek of jy dit wil hê. Bybels gesê – waar ons wil geskied.

En dan ... dan kom hierdie radikale boodskap van Jesus – daar is ook ’n ander koninkryk. Daar is plekke waar God se wil geskied – waar sy koninkryk begin sigbaar word.

Hy leer ons bid: Onse Vader wat in die hemel is. Laat U naam geheilig word, laat U wil geskied. Laat U koninkryk kom. Waar? Hier **op die aarde** net soos in die hemel.

“Is the point of Christianity to do your best to get to heaven when you die?”
“No, the point of Christianity is to get to heaven before you die”.

Johannes sê die stad het uit die hemel afgekom - waarheen? Aarde toe. En om seker te maak ons verstaan reg kom stuur God Jesus - waarheen? Aarde toe. En ons sien in sy liggaam hoe lyk liefde en hoe lyk genade in aksie.

Die geweldige draaipunt vind plaas as Jesus bid: “Nogtans nie soos ek wil nie, maar soos U wil”. Jesus se liggaam word die koninkryk van God. Jesus besluit sy liggaam word die ruimte waar die wil van God gaan geskied. En dan kom nooi Hy ons uit en sê julle kan dieselfde besluit. Julle kan besluit wie se wil in julle liggame gaan geskied. In julle huise, en skole, en buurtes, en gemeenskappe, en land.
Dit beteken doodeenvoudig dat ons elkeen die volle potensiaal van die hemel in ons ronddra.

Eternity is in session right now.

C.S. Lewis: *If you read history you will find that the Christians who did the most for the present world were just those who thought most of the next. It is since Christians have largely ceased to think of the other world that they have become so ineffective in this.*

Kleingroepe:

1. Gesels saam oor hoe julle dink oor die begrip “hemel”?
2. Hoe dink julle oor die begrip “Ewige lewe”?
3. Help die uitdrukking “Eternity is in session right now” julle om beter te verstaan wat ons roeping nou is?
4. Gesels saam oor die begrip “Koninkryk van God” en die definisie dat ‘n koninkryk ‘n plek of ruimte is waar iemand se wil geskied.
5. Kyk saam die video**:** How wolves change rivers (https://www.youtube.com/watch?v=ysa5OBhXz-Q) en deel met mekaar wat julle uit die video leer.
6. Bid die eerste paar woorde van die Onse Vader saam as afsluiting: “Onse Vader wat in die hemel is. Laat U naam geheilig word, laat U wil geskied. Laat U koninkryk kom. Hier **op die aarde** net soos in die hemel. Amen

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

Die Goddelike Komplot…'n Ewigdurende nou!
Openbaring 21:9-17

Ons kies om ons gebreekte gemeenskap voor God neer te sit, sodat Hy weer vir ons kan leer hoe 'die stad van God' daar kan uit sien.

Belangrik:

1. Johannes skryf vir Joodse Christene wat geweldig swaar gekry het. Hulle is deur die Jode as 'n bedreiging gesien.

2. Aan die ander kant was die Romeine kwaad vir die Christene omdat hulle nie hulle afgode aanbid het nie.
3. Openbaring mag nie letterlik verstaan word nie maar simbolies.

Teksvers: Openbaring 21:10: [10]Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, **wat van God af uit die hemel uit afkom.**

Destyds: **D**aar is duisende verhale van mense wat in uiterste omstandighede oorleef het en selfs beter deur die trauma gegaan het omdat hulle iets gehad het om voor te leef. Johannes kom bemoedig die Jode van destyds om elke dag voluit te leef om van die aarde 'n beter plek te maak.

Vandag:

1. Daar is te veel skeefgetrekte beelde en metafore oor die hemel wat glad nie die bedoeling van die Bybel is nie.
2. Openbaring is 'n geweldige troos vir elke mense wat swaarkry.
3. Ons moet totaal anders oor die hemel dink.

Johannes kom nooi ons uit na die ewigdurende nou, want die ewigheid is nie iets wat eers later gaan gebeur nie –

"Eternity is in session right now!"

Before we can pray, "Lord, Thy Kingdom come", we must be willing to pray, "My Kingdom go".

Die kortste en mooiste definisie van die hemel: Die hemel is genade in aksie.

Wat is die evangelie wat Jesus kom verkondig het? Hyself praat van die koninkryk van God (vgl Markus 1:14-15; Lukas 8:1; Handelinge 1:3; Handelinge 28:31). Wat eendag in die vere ewigheid gaan gebeur. Nee – wat nou reeds deurbreek.

Wat is ’n koninkryk? Dit is ’n plek of ’n ruimte waar iemand se wil geskied. Jou en my koninkryk is dus daardie spasie of plek waar dinge gebeur soos ek of jy dit wil hê. Bybels gesê – waar ons wil geskied.

En dan ... dan kom hierdie radikale boodskap van Jesus – daar is ook ’n ander koninkryk. Daar is plekke waar God se wil geskied – waar sy koninkryk begin sigbaar word.

Hy leer ons bid: Onse Vader wat in die hemel is. Laat U naam geheilig word, laat U wil geskied. Laat U koninkryk kom. Waar? Hier **op die aarde** net soos in die hemel.

“Is the point of Christianity to do your best to get to heaven when you die?”
“No, the point of Christianity is to get to heaven before you die”.

Johannes sê die stad het uit die hemel afgekom - waarheen? Aarde toe. En om seker te maak ons verstaan reg kom stuur God Jesus - waarheen? Aarde toe. En ons sien in sy liggaam hoe lyk liefde en hoe lyk genade in aksie.

Die geweldige draaipunt vind plaas as Jesus bid: “Nogtans nie soos ek wil nie, maar soos U wil”. Jesus se liggaam word die koninkryk van God. Jesus besluit sy liggaam word die ruimte waar die wil van God gaan geskied. En dan kom nooi Hy ons uit en sê julle kan dieselfde besluit. Julle kan besluit wie se wil in julle liggame gaan geskied. In julle huise, en skole, en buurtes, en gemeenskappe, en land.
Dit beteken doodeenvoudig dat ons elkeen die volle potensiaal van die hemel in ons ronddra.

Eternity is in session right now.

C.S. Lewis: *If you read history you will find that the Christians who did the most for the present world were just those who thought most of the next. It is since Christians have largely ceased to think of the other world that they have become so ineffective in this.*

Kleingroepe:

1. Gesels saam oor hoe julle dink oor die begrip “hemel”?
2. Hoe dink julle oor die begrip “Ewige lewe”?
3. Help die uitdrukking “Eternity is in session right now” julle om beter te verstaan wat ons roeping nou is?
4. Gesels saam oor die begrip “Koninkryk van God” en die definisie dat ‘n koninkryk ‘n plek of ruimte is waar iemand se wil geskied.
5. Kyk saam die video**:** How wolves change rivers (https://www.youtube.com/watch?v=ysa5OBhXz-Q) en deel met mekaar wat julle uit die video leer.
6. Bid die eerste paar woorde van die Onse Vader saam as afsluiting: “Onse Vader wat in die hemel is. Laat U naam geheilig word, laat U wil geskied. Laat U koninkryk kom. Hier **op die aarde** net soos in die hemel. Amen